

REDAKSIONEEL

OP 'N PUNT VAN ORDE

God is 'n God van orde. So leer die Skrif ons onder andere in 1 Korintiërs 14:33. Wat beteken dit?

Volgens die woordeboeke beteken dit prakties twee dinge: eerstens dat die dinge wat God tot stand gebring het op hulle bedoelde plek is, en tweedens dat die dinge wat God tot stand gebring het hulle bedoelde funksie verrig. So het Hy die Skepping al ordende in aansyn gebring.

Die Satan is God se teëstander wat God se orde verbreek het, en die mens daartoe verlei het om ook God se orde vir die mens te verbreek. Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Dit is om God se orde tot chaos te verander. Sonde is dat die mens sy/haar Godgegewe plek nie meer ken en inneem nie. Dit is verder dat die mens sy/haar Godgegewe funksie, taak en roeping nie meer uitleef nie. Die vrug daarvan is die dood.

Dan bring die HERE alles weer op 'n punt van orde. Dit is die boodskap van die Bybel. Dit is die lewegewende evangelie van die Here Jesus Christus wat reeds in die moederbelofte (Genesis 3:15) aangekondig word. Lewewekend roep Hy die mens tot orde.

Hy doen dit telkens in die voortstuwing van die openbaringsgeskiedenis, die heilsgeskiedenis, die kerkgeskiedenis. Terwyl die verbreker se werk deur die eeue heen tot volle ontwikkeling moet kom, en daarby algaande chaos en dood in die kerk bewerk, moet ook

die koninkryk van God deur die eeue heen tot volle erkenning en ontplooiing kom.

Ironies: die afval is meestal soos kanker fyn gestruktureer, en meesterlik planmatig. Meer ironies: die afval slaag selfs meestal uitnemend om met die kalwers van God se orde te ploeg. Begrippe soos 'reformasie,' 'broederskap,' 'verdraagsaamheid,' 'Skrifmatigheid' en wat nog, word gekaap om eie agendas meedoënloos deur te voer. Met goeie prosedures: kyk net hoe goed was die prosedures in plek gestel om Jesus gekruisig te kry. Orde – so goed dat hulle glo hulle bewys God 'n guns! Dit is 'n tema van die kerkgeskiedenis. 'n Tema met 'n verwoestende bloedspoor.

lewes kom daar - genadiglik deur God beskik - telkens weer 'n punt van orde. Vir ons lyk dit nie altyd so ordelik nie. Die apostels sê in Jerusalem: "Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie". Luther moet teen die Roomse oormag by Worms sê: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie". Die voorsitter van die Dordtse Sinode beveel die Remonstrante: "exite!" (gaan uit). Ds Postma verklaar te Pretoria, 11 Januarie 1859, dat hy hom volgens die Woord van God nie geregtig ag om die hulp van die Christelike Gereformeerde kerk in Nederland aan die Hervormde Kerk in die ZAR toe te sê nie en onttrek

hom van die vergadering. Watter snaakse punte van orde is dit? Tog herken ons dit as wesentlike reformasie-oomblikke uit die geskiedenis.

Die kreet: 'orde, orde!' gaan oral op. Maar op 'n punt van orde: Wie se orde soek ons? Wys my die bronwerk van jou orde. 'n Beswaarskrif mag nie soos 'n beskrywingspunt lyk nie. 'n Beleidstuk is geen erkende stuk op tafel nie. 'n Bylaag is nie ontvanklik as 'n saak nie. En as die 'formaat' van die dokument nie by ons skema inpas nie, weeg ons ook nie die argumente nie. Laat ons dus net bewys kry dat die 'formele vereistes' nie slaag nie. Die meerderheidstem sal beslis.

En as die eer van die Here voor ons orde die vleuel moet stryk?

En as die waarheid van die Woord maar geignoreer word?

En as die welsyn van sy kerk voor ons onwillige ordening moet kwyn?

En as die gelowiges se gewetens deur ons 'ordelike kerklike weg' aan bande gelê word of somaar sonder gebondenheid aan Gods Woord in vryheid oorgelaat word?

Wie se orde is dan egte orde? In die Roomse kerk is daar ordelik 'n reël deurgevoer dat leke of ander individue of groepe nie die reg het om konsilies se besluite te bevraagteken nie. Die stelsel was so goed gestruktureer dat dit enige teenspraak effektief onderdruk het. So het die Jode ook hulle ordelike stelsel in plek gehad waarmee hulle

INHOUD

- | | | |
|---------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------|
| 1 Redaksioneel
Op 'n punt van orde | 6 Op die kerkerf
Regverdigmaking deur twee
regsprosesse (2)
Dr AH van den Bout | 11 Persskou
Twee, maar tog een? |
| 2 Skrifoordenking
God se nuwe seisoen
Ds HJP de Beer | 7 Die VGL op die weegskaal
Ds GJ Meijer | 12 Hoor vir Floor
Ds GJ Meijer |
| 4 Aktueel
Trap vir die Woord
Trap op die Woord
Ds ALA Buys | | |

Christus in hulle web wou vang om Hom tereg te stel sodra Hy uit hulle orde sou trap of praat. Ná Christus se hemelvaart het hulle die dissipels op dieselfde gronde vervolg: ordelik, planmatig, meedoënloos.

Tog was daar nog altyd individue en groepe sonder teenstand aan die werk (dikwels agter die skerms) om besluitnemingsprosesse te stuur. Sommige wat as volksvreemd beskou is, word amptelik verwerp: Vrymesselaars, Rotariërs - hulle mag nie, want hulle is geheim. Maar Rapportryers, FAK en Broederbond is reg want hulle is (soos die destydse Sanhedrin) volksvriendelik en "geen geheim" nie. En ja, die

vrouevereniging en die bonde van JV's is taboe, want hulle is 'n kompetisie-bedreiging vir die sinodale struktuur. Die Gereformeerde Teologiese Vereniging en teologiese werkwinkels is goed want dit behandel slegs die wetenskap van die teologie, maar die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel het kragtens sinodebesluite kwansuis nie bestaansreg nie - omdat hulle ook kerklike sake behandel. As die openbare pers publiseer wat ons hulle voorsê, mag hulle met oop, warm harte ons vergaderings bywoon. Maar as hulle hulle eie waarnemings publiseer, lê ons hulle aan bande. Hulle val nie binne die kategorieë van

verbode of aanvaarde organisasies langs die kerklike vergaderings nie. Wie se orde is orde?

Ons aanvaar die Dordtse Kerkorde as die beste praktiese ordening van God se Skriftuurlike orde. In dié sin word dit dus met Goddelike gesag gedra. Die beginsels van God se Woord, soos bely in die belydenis, word in artikels gepositieer. Ja, dan moet ons kerklike handeling ook hierdie lyn van Skrif, via Belydenis na die Kerkorde as 'n eenheid vashou. Sodra die kerkorde as 'n reëlboek op homself hanteer word, verval ons onkeerbaar in 'n organisasie van menslike tirannie wat sy eie agenda administratisties deurdruk.

SKRIFOORDENKING

Ds HJP de Beer, Pretoria-Meintjieskop

GOD SE NUWE SEISOEN

Lees: Eksodus 25:31-40

Maak ook 'n kandelaar van suiwer goud. Van dryfwerk moet die kandelaar, sy voetstuk en sy stam gemaak word; sy kelkies, sy knoppe en sy blomme moet, daarmee saam, uit een stuk wees.

Eksodus 25:31-40 beskryf een van die voorwerpe wat in die tabernakel of tent van samekoms sy plek moes vind. Die tabernakel of tent van samekoms was 'n struktuur wat op God se bevel deur die Israëliete gebou moes word. Dit het gedurende hulle swerftog deur die woestyn as godsdienstige sentrum vir die volk gedien.

Hierdie tabernakel of tent van samekoms, soms ook tempel genoem, was iets besonder.

- Eerstens het God aan Moses die afmetings van hierdie struktuur, die verskillende materiale wat gebruik moes word, sowel as die voorwerpe wat in die struktuur was, tot in die fynste besonderhede deurgegee.
- Alles wat deel van die tabernakel uitgemaak het, het sterk simboliese betekenis gehad.
- Die belangrikste egter was die betekenis van die tabernakel in sy geheel. Hierdie struktuur sou die teken van God se "inwoning" onder sy volk wees.

Die verkondiging van God se inwoning by sy volk vind sy oorsprong in Genesis 3:15, die moederbelofte - die openbaring dat God die mens na die sondeval nie vir ewig die rug keer nie, maar weer met die mens sou begin. Hy sou alles weer nuut maak, as't ware herskep, weer oor begin. Dit is die openbaring wat die tabernakel in die eerste plek wil versimboliseer - die Here se "oorbegin" met die mens, en hier in besonder met sy volk.

Daar is reeds genoem dat God tot in die fynste besonderhede opdrag gegee het hoe die tabernakel, sowel as die voorwerpe wat daarin hulle plek sou vind, moes lyk. Die tabernakel het basies drie dele beslaan:

- Die eerste, die sogenaamde voorhof, 'n gebied van ongeveer 50 x 25 meter wat met linnegordyne afgekamp was.
- Binne hierdie reghoek was die fisiese tent wat weer in twee verdeel was, naamlik die Heilige en die Allerheiligste (die tweede en derde deel).
- In die Heilige het die reukofferaltaar, die tafel met die toonbrode en die goue kandelaar gestaan.

- In die Allerheiligste, wat met 'n swaar gordyn afgeskort was, het die ark van die verbond gestaan - 'n houtkis met goud oorgetrek waarvan God in Eksodus 25:22 gesê het: "En daar sal Ek met jou saamkom, en van die versoendeksel af, tussen die twee gerubs uit wat op die ark van die Getuienis is, sal Ek jou alles sê wat Ek jou vir die kinders van Israel sal beveel." Hier in die Allerheiligste het God sy woning gemaak om vandaar met sy volk te wees, maar ook om met hulle te spreek.

Voor die voorhangsel, in die Heilige, was die goue kandelaar, ook met sterk simboliese betekenis.

Hierdie kandelaar was 'n oorsprong van lig. Dit moes in die nag brand sodat dit nie donker sou wees in die Heilige nie. Die betekenis hiervan is dat daar in God se nabyheid nie donkerte is nie.

Die tema van lig en donkerte of duisternis is 'n bekende tema in God se openbaring. Donkerte of duisternis is die simbool van sonde, die duiwel en al sy magte, terwyl lig weer simbool is van God, sy liefde en redding. Hierdie verkondiging van 'n lig wat in die duisternis skyn word onder andere in Johannes 1:5 beskryf: "En die lig skyn in die

duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie”.

Die duisternis het nie die vermoë om die lig uit te doof nie. Ongeag die sonde, brand die lig van God se heilige teenwoordigheid steeds in hierdie wêreld – ’n boodskap vir elke lid van God se volk, ook in die laer destyds in die woestyn.

Vervolgens iets meer oor die kandelaar self.

Die kandelaar, gemaak uit een stuk goueplaat, het ongeveer 34 tot 39 kg geweeg. Dit het drie arms weerskante van ’n middelste skag gehad – sewe lampe in totaal. Elkeen van hierdie arms, sowel as die middelste skag, was versier met ’n kelk, ’n blomknop en ’n blom. Dit wys op ’n sekere ontwikkeling: eers die kelk, die “bloeisel”, wat oorsprong gee aan die blomknop en die latere blom, dan die blomknop wat die belofte dra van die pragtige blom wat in hom toegevoeg is en uiteindelik die blom wat met sy pragtige kroonblare sy skoonheid vertoon. Hierdie versierings wat deel was van die goue kandelaar, wil sō die begin van ’n nuwe seisoen vergestalt.

Verder is ’n spesifieke plant ter sprake waarvan die afbeeldings van bloeisele, knoppe en blomme op die kandelaar aangebring moes word, naamlik die van die amandelboom. Weereens is dit nie sonder betekenis nie. Die amandelboom het heel eerste in die nuwe seisoen gebot. Vroeg in Februarie, terwyl die ander plante as’t ware in hulle winterslaap was, kom die boom na vore met sy aankondiging van die nuwe seisoen. Die amandelboom het die heerlike somerseisoen wat nog in sy volheid sal ontwaak, “voortydig” aangekondig.

Kyk ’n mens nou na die simboliese betekenis hiervan, word God se herskeppingsproses met die mens, sy volk, baie mooi uitgebeeld. God is besig om alles nuut te maak, soos ’n nuwe seisoen, ’n seisoen wat begin by ’n bloeisel om dan uiteindelik ’n pragtige blom te vertoon. Hierdie proses het in die paradys begin met die belofte van Genesis 3:15 en neem nou sy loop deur die geskiedenis. Die proses van herskepping, die daarstel van die nuwe seisoen, is egter verbasend aangesien dit reeds “voortydig” plaasvind. In die doodshoud van die sondewinter breek al die wonderskoonheid van God se verlossingsomer deur.

Die Nuwe Testamentiese openbaring werp egter nog verdere lig op die

simboliek van hierdie spesifieke tabernakelvoorwerp.

Soos reeds uitgewys, dui die versierings van die goue kandelaar op die aanbreek van die nuwe seisoen – die bloeisel, die knop, die blom. Hierdie versiersels wat die nuwe seisoen aandui, loop natuurlik uit op ’n vlam bo aan elke arm, dus ’n bron van lig. Dit sou beteken God se nuwe seisoen loop uit op lig, lig wat in Johannes 8:12 soos volg beskryf word: “En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.”

Pragtig is die evangelieboodskap, die blye boodskap, wat deur die goue kandelaar in sy simboliek geopenbaar word.

- God se nuwe seisoen het reeds in die doodshoud van die sondewinter begin.
- Reeds in die paradys het die “vroegboom”, die amandelboom, met die aankondiging van Genesis 3:15 dat daar Een sal kom wat die slang se kop sal vermorsel, geblom.
- Hierdie nuwe seisoen met sy bloeisele, sy blomknoppe en blomme loop uit in die lig wat skyn in die duisternis, soos dit ook die geval was in die tabernakel.
- Die Lig is die lig van die Nuwe Testamentiese Jesus Christus self wat as Verlosser en Saligmaker die nuwe seisoen van God ’n volle werklikheid gemaak het deur sy oorwinning oor die satan en al sy magte.
- Deur sy kruisdood het Hy die mag van die duiwel verbreek en so die herskeppingswerk van God in sy volle glorie laat deurbreek. Elke gelowige hoef nie verder in die sondewinter te leef nie, maar mag nou reeds in God se genadesomer leef.
- Die genadesomer sal in sy volheid deurbreek in God se totale nuwe seisoen, die volgende bedeling, die ewige bedeling, die bedeling waar God alles in almal sal wees, naamlik die ewige lewe.

Die kandelaar in die tabernakel van die Ou Testament het dit duidelik gemaak dat die lig by God is, die lig van die nuwe lewe. Om by God te wees, is om in die lig te wees. Die ander kant is ook waar – hulle wat nie by God is nie, is nie in die lig nie, maar in die duisternis.

Dit is waar die appèl van hierdie gedeelte lê. By God is die lig. Daarom, lewe in die lig. Moet nie voortploeter in die duisternis van die winterseisoen van sonde nie, maar deel in die somerseisoen van God se genade. In die beeld van die kandelaar, weerkaats die lig van die ware Lig, Christus Jesus die Here. Hy verlig ons. Daarom, leef as ’n verligte in hierdie wêreld.

Hoe leef ’n verligte? Deur die kragtige werking van die Heilige Gees word die verligte wederbaar tot ’n nuwe lewe. So ’n lewe openbaar die vrug van God se liefdevolle bemoënis in die woorde van Galasiërs 5:22, naamlik liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Dit is egter ook ’n mens wat geklee is in die volle wapenrusting van God (Efesiërs 6) sodat hy staande kan bly teen die liste van die duiwel en die stryd kan voer teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.

Leef en werk daarom in 2004 in God se nuwe seisoen.

Intekengelde 2004

*Met die
stygende drukkoste
en posgelde
is ons genoodsaak
om die intekengelde
vir die jaar 2004
op te stoot na
R110.00.*

*U is welkom om betalings
kontant, per tjek of
elektronies in te betaal.
Onthou net dat ’n duidelike
verwysing die betaling
moet vergesel.*

*Asseblief
geen posorders nie.*

Die Administrasie

TRAP VIR DIE WOORD

TRAP OP DIE WOORD

Toe die redaksie my versoek om oor die afgelope partikuliere sinodes van die GKSA te skryf, was ek bietjie in 'n drukgang. Watter onderliggende lyne en strome sit in die verskillende sinodes waar eenderse andersheid benoem moet word? Wat is die uiteinde van verskillende uitgangspunte? Die lesers sal my hierdie keer die persoonlike inleiding hopelik vergeef. In elk geval: 'n Argus fietsryer ry my toe uit my skrywersblok.

'n Predikant op 'n fiets is tog seker niks vreemds nie. 'n Woordbedienaar wat fietsry om Bybels te borg is prysenswaardig. Maar 'n Gereformeerde predikant wat 'n Argus fietstoer op die rúsdag ry om Bybels - die Woord van God - te borg, val vreemd op die oor. Die persoon in geding se naam word weggelaat, aangesien dit hier nie oor sy persoon gaan nie, maar oor sy standpunte wat as voorbeeld gebruik word om die strominge en tendense op die partikuliere sinodes aan te dui. Die kollega wat dit noem (nie bely nie, dit sou sonde veronderstel) dat hy dink dit is 'n goeie idee om vir Bybelverspreiding aan 'n sabbatsfietsrygeleentheid in die Kaap deel te neem, laat my skalks wonder of die leesdiens dan dié Sondag net nege gebooie sou oplewer. Totdat ek sy verduideliking (nie verskoning nie, dit sou sondevergiftig veronderstel) lees, en ek my onheilige humorsin bestraf.

Hy sê: Regverdig hierdie één keer per jaar se gebeurtenis dat fietsry in totaál nou skielik beskryf word as 'n Sondagsport? Alle wedrenne in my omgewing word op Saterdag gehou. Ek het nog nooit enige wedren (behalwe die Argus) op 'n Sondag gery nie. My verhouding met die Here is 'n VERHOUDING, soos wat my verhouding met my vrou 'n VERHOUDING is. As ek en my vrou 'n afspraak het om elke Maandag om 10 uur by 'n restaurant in die stad te gaan koffie drink en ek dit één Maandag per jaar nie kan maak nie omdat ek saam met 'n vriend gaan

visvang, beteken dit ek het haar nie meer lief nie? Beteken dit dat sy dit as 'n tragiese versaking van my liefde vir haar sal sien? Miskien is dit hoe óns dit sal sien. Maar ek weet: my Here is baie groter en baie meer liefdevol as dit!

Verbondswoorde

Ek wil oor sondagsport trap. Dit gaan hier oor die verbond. My verhouding met die Here is 'n verhouding soos... Dit is verbondstaal, of eerder verminkte verbondstaal. Die dominee beweer, as my logika reg is, dat één keer die liefde nie skade doen nie. Die verhouding is sterk genoeg. Eén keer wat verduidelik kan word, vereis geen verskoning nie.

Die woordjie "verhouding" is 'n verswakking van die verbond. Daardie verhouding waarvan hy praat is relasioneel (die teologiese woord is korrelatief) saamgestel. Dit redeneer aards na die Here in die hemel toe. Hy begin redeneer by sy vrou se één koue koppie en eindig met die konklusie dat, soos sy vrou dalk nie omgee nie, sy Here ook nie omgee oor die één koue rusdag nie.

Geen openbaringstaal

Daardie verhouding waarvan hy praat berus nie op openbaring nie. Dit is net 'n swak menslike redenasie. Subjektief, as daar nou ooit was. So 'n voorbeeld kan 'n bietjie verder geneem word. Wat daarvan as die koppie koffie vervang word met die één keer se "visvang met 'n vriendin". Sal nog één keer se koue koffie die vurige warm liefde kan verduidelik? Sal die verhouding nog so sterk staan? Wie besluit wanneer iets vir God aanvaarbaar is en wanneer nie? Hy of ons? Hy alleen? Ons alleen? Hy saam met ons? Ons saam met Hom?

Twee kante

"Verhouding" sê daar is twee partye wat saam stem. Daar is korrelasie,

ooreenkoms, 'n kontrak kontak. Ja, verbond het ook iets van 'n verhouding, maar is veel meer. Die kollega het dit later gehoor dat juis die Woord se woorde oor sy kop gesê is by sy doop. Alle verbonde hét twee kante - genade en gehoorsaamheidsplig. God rig die verbond eensydig op. Tog is die mens volledige verbondsgenoot in hierdie verhouding. Die verbond het ook hierdie twee kante. God se kant en ons kant. Ons is as lewende verbondelinge aan God se beloftes vasgemaak; Sy beloftes van liefde én van haat. Dit word hopelik nog deur die fietsry-dominee gekatkiiseer. Die twee kante van die verbond is uiters belangrik. Ons is mense wat met God 'n verbond het, maar dit is die hemel wat na die aarde toe kom. Abraham moet deur die opgekapte diere stap (Genesis 15) wat weerskante van hom God se beskerming en sy liefdeswraak oor één keer se misstap verkondig.

Regsverhouding

Enige verhouding, die verbond by uitstek, is ook 'n regsverhouding. God se reg op die mens word duidelik uitgespel. Die mens se genadereg in Christus word voorgehou om geglo te word. Maar ek weet, my Here is... Waaruit weet ons wie die Here is? Uit sy Woord. As jy sy verbondswoord wegrap vir Bybels, is jy nog so seker dat God se verbondswraak hierdie één keer gaan uitbly?

Regskrenking vereis regsherstel. Vir God is één keer te veel. Adam en Eva het die paradys oor één keer verloor. Hulle kan dit slegs in Christus terugkry. Dan moet die verbondswoord vasgelyk word, die guns en die opgawe. Watter liefde is dit dat één keer se verbreking vir God nie so erg is nie? Dit is nou as daar erkenning van skuld is. Die verbond se forensiese kant was nog nooit in die Gereformeerde kerk so onder verd(r)enking as juis nou nie.

Daardie Argus fietse het tot in die meeste partikuliere sinodesale gery.

Juig aarde, juig, ons Verlosser leef. Dit weet ek seker because the Bible tells me so. Ek het vir een getrap. Verlostig jou in jou eensydige verhouding met die Here. Vergeet die regs-kant. Ons sal besluit wat God se opdragte is. Ons sal besluit die Argus sabbatsrus-steuring steur nie die hemel nie. Sy liefde sal ons deur alles dra, op berge en in dale. Ons sal besluit sy Woord is natuurlik nie konteksloos nie, veral nie ons konteks om op Saterdag te registreer en op Sondag te ry nie. Juig oor die duisende Bybels wat geborg gaan word, maar knip en plak die vierde gebod by jou eie (dikwels uit en uit heidense) aardse redeneerkonteks. Wat is één keertjie nou - sou my vrou ook byvoeg met kontekstuele begrip oor die ander vrou se maandag koffie(?).

Een keer gekruisig

Was die kruis se liefde ook maar herhaalbaar, oor en oor, of was dit één Goddelike keerpunt? Juig oor jou verlossing één-en-veftig sondae van die jaar, maar wees jou eie koning één keer in die Kaap - met medewete van die kerkraad en gemeente! Wat 'n liefde en volheidslewe waar ons bly ons in beroem ... as ek eiegeregtig my eie sondes op mag noem. Eiegeregtigheid is die sonde van towery en waarsêery. Ek soek my lig op aarde. Vir die aarde ván die aarde.

Wie sê God - wat liefde is - hou nie van vrouediakens nie? Wie sê God hou nie daarvan as Christus uit die psalms gesing word, omdat daar so baie menslike konings ook was nie? Die getrapte Woord is die vertrapte Woord. Aanmatigende, onbelyde verbondverbreking.

Teen hierdie tyd is die gesigte rooi - nie van fietstrap, nie van skaamte nie, maar van woede. Witwarmwoede. Ek kan die woede hoor: Wie is jy, jou eienaardige sondaar, om my te oordeel? Wie gee jou die reg om my te veroordeel? Waar kom jy aan al die hoogmoed? O, ek dank God dat ek nie soos jy is wat so onmenslik hard is nie

Ek vergewe jou jou haat. Mag God met jou siel genade hê. Ja, gooi maar die ou emmers nog een keer leeg oor die kop. Een ding bly staan: God se Woord kom uit die hemel. God se Woord is Christus. Sy vrede is ook strydustig. Sy verbond is geldig - tot in die hel toe. Hy handhaaf sy verbond één en al keer. Is dit te

swaar om te dra?

Ja, ek ry nie fiets in die Kaap nie (verskoon my persoonlike belydenis), maar ek het ook ander verbondsverbrekings. Een en twee en duisende. Ek skend God se reg ook. Ook ek versuur my verbondsverhouding met my Here. Goddank het die verbond twee kante. God hou my aan my verbondsverbrekings. Ek bly verantwoordelik daarvoor. Ek kan nie in sy liefde invlug sonder dat ek nie gekonfronteer word met my diep skuld voor God nie. Die Woord is tweesnydend. Dit kloof my oop soos Abraham se halwe verskalf. Maar God hou sy kant ook. Hy vergeef my sondes soos Hy dit spel; soos Hy dit in sy één Woord uitspel aan my en aan almal. Dit help nie ons vergelyk ons sondelysies met mekaar - nie om dit te bely nie, maar om so 'n vreemde troos te vind dat ander mense ook maar sondaars is.

Onderkonings

Die meeste partikuliere sinodes wil nog Jesus Christus as Verlosser hê. Hulle het hulleself gekroon (soos Napoleon) as onderkoning van God, as verteenwoordiger - soos die nuwe vertaling "beeld en gelykenis" noem. 'n Onderkoning kan seker besluit: 51 Sondag is vir God genoeg. Vroue mag één-dag regeer, Christus hoef nie in die psalms verwag te word nie. Ek sê my verhouding met my Here is sterk, soos met my vrou.

Hierdie "verhouding" met God lewer nie te slegte reis- en verblyf-koste op aarde op nie. So sou 'n mens dink, totdat jy aan jou doop dink, en aan Abraham se gekloofte bees, aan God se verbond, dieselfde verbond se later fase wat aan ons bedien is. Jou doop is duur. Daarna mag jy nie die Woord vertrap nie. Daarna mag jy nie op die rusdag fietsry vir Bybels nie. Dis verbondsverbreking. Dit is grondelose misgissing oor die woede van God oor onbelyde misdade. (Ag, en los maar die parodie uitbreiding oor die 1 001 pittige uitsonderings). Verhoudings kan breek. Die verbond kan nie breek nie. Dit lewer óf God se liefde óf sy haat op. God sê so in alle kontekste.

Laat ek nou maar teologies sê wat ek van die meeste partikuliere sinodes se bepaalde besluite dink. Die Afrikaanse Gereformeerde kerke in Suid-Afrika wil soteriologies wees, maar het die kuriologie verruil vir 'n demokratiese relasionele (verhouding)

met ('n) God, wie se wil hulle nie meer ken of verstaan nie. Die relasionele waarheidsbeskouing het die korrelatiewe verbondsbeskouing gebaar. Die pneumatologie is verruil vir subjektivisme, 'n menseregte goedvoel teologie: ek weet verseker - sonder dat ek God se opdragte ernstig hoef op te neem - sy liefde dra my deur.

Gereformeerde kerke, gereformeerde predikante, gereformeerde kerkrade, vergeet die verbondswraak van jou God nie. Hierdie is nie 'n veroordeling nie. Dit is profesie op grond van die Woordopenbaring. Daar is nog tyd. Sinode 2006 wag nog. Kom tot bekering oor hierdie vreemde verhouding met 'n vreemde (G)od en sy mense. Keer terug na die verbond wat God met julle dope met jul gesluit het. Dit het Christus se bloed gekos om al God se beloftes aan jou en jou kinders te verseël. Luister, o kerk van God. Moet Hy nou eers jou kandelare wegvat, jou met vervolging wurg voordat jy die vergifnissmeking oor verbondsverbreking laat opklink in sy oor? Hoor tog my liefde vir die fietsryers in die sinodesale: God vermink die wat sy verbond - sonder berou - vermink. Moenie 'n gereformeerde woestyngeslag laat opgroei wat net fiets wil ry (sonder Bybels, laat staan nog vir Bybels) op al die Sondag, omdat die vorige geslag die Woord wegvertrap het nie. Borg 'n kind. Doop hom met die verbond van reg en genade. Laat God se reg nie by julle verbygaan nie. Daar is nog tyd vir bekering. Sinode 2006 wag. Hoe lank moet God wag?

Regverdigmaking deur twee regsproesse (2)

In 'n vorige artikel is die twee regsproesse wat by regverdigmaking betrokke is, bespreek. Die eerste proses is tussen God en die mens, na die sondeval, waarin Christus as Verteenwoordiger van die mens optree. Die tweede proses, die proses binne die proses, is tussen God en sy Seun. Christus moes aan al God se voorwaardes voldoen om 'n Borg en Middelaar vir die mens te kan wees. God het Christus regtens die volmag gegee om as Verteenwoordiger van die mens op te tree. Vervolgens iets meer oor hierdie volmag.

Christus se volmag ex lege Dei

By hierdie volmag na regsweë is daar nog 'n aantal interessante aspekte. Die volmag word beëindig by die uitvoering of die afhandeling van die opdrag, of indien dit nie meer moontlik is nie. Ons sien daarom dat die duiwel in Christus se lewe aanslae op Hom gemaak het om sy volmag ongeldig te maak. Die duiwel het met sy versoekinge probeer om Christus van die spoor af te bring waarvoor Hy op hierdie wêreld gekom het.

Alhoewel 'n volmag normaalweg met tydsverloop kan verval, het dit nie met Christus gebeur nie. Christus het in die moederbelofte reeds die volmag gekry. Hierdie volmag was onherroeplik. Selfs die sondvloed het Christus se volmag nie beëindig nie. Dit het God berou dat Hy die aarde gemaak het. Hy het alles, behalwe Noag en sy gesin en die diere wat in die ark was, vernietig. Die volmag van Christus het nogtans bly voortbestaan.

'n Verteenwoordiger kan sy volmag ook, met gegronde rede, opse. As gevolg van swak gesondheid of oormag kan 'n verteenwoordiger sê dat hy nie in staat is om sy opdrag uit te voer nie. By Christus het daardie versoekinge ook gekom toe Hy in alles, behalwe die sonde, aan ons

gelyk geword het. Hy het ook fisies in sy vernedering die straf van God gedra. Op die moment dat die stryd vir Hom baie swaar was, kon Christus sy engele gebied om oor te neem. Hy kon sy volmag op grond van oormag beëindig het. Christus het sy volmag egter nie opgesê nie en het volhard tot die einde toe.

In ons reg rus daar 'n verpligting op die prinsipaal om die verteenwoordiger, wanneer hy sy verpligtinge nagekom het, te vergoed. Die sondige mens, as prinsipaal, moet dus die verteenwoordiger wat die volmag uitgevoer het, naamlik Christus, vergoeding betaal. 'n Christen moet daarom sy hele lewe teen die sondes stry en Christus navolg deur in dankbaarheid te lewe en vrugte van die geloof voort te bring.

By fiktiewe vervulling van die voorwaardes is die verteenwoordiger nie geregtig op vergoeding nie. As Christus nie regtig mens was nie, sou Hy nie geregtig wees om die mense vry te koop nie. Dan sou die mense ook nie aan Hom behoort nie. Die verteenwoordiger het die verpligting om die volmag op die afgesproke tyd of binne 'n redelike tyd persoonlik met die nodige kennis, sorg en vaardigheid, uit te voer.

Geen botsing van belange mag by die verteenwoordiger ter sprake wees nie. Die verteenwoordiger se eie belang mag nie by die uitvoering van sy volmag bots nie. Is dit moontlik die rede hoekom Christus nooit getroud is en self kinders gekry het nie?

Toelaatbaarheid van Christus se borgskap

Christus is as Verteenwoordiger verplig tot rekenskap. Christus het by die uitvoer van sy opdrag (ex lege Dei) as Borg die reg verwerf om as Middelaar en Verteenwoordiger van die mens in die hoofproses op te tree. By die proses binne 'n proses gaan dit oor die toelaatbaarheidsvraag. Tydens die hoofproses tree Christus as ons Verteenwoordiger en Middelaar op,

maar by die proses binne die proses word daar noukeurig na Christus se borgstelling gekyk. Hierdie borgstelling word afsonderlik van die ander geskilpunte afgehandel. By die proses binne die proses word bepaal of Christus wel as Borg opgetree het, sodat Hy inderdaad by die hoofproses as Verteenwoordiger van die mens, wat in Hom glo, kan optree.

Die binneverhoor geskied, soos enige verhoor, met getuienis wat aangevoer word om 'n beslissing te kan neem. As tydens die binneverhoor beslis word dat die betrokke getuienis – naamlik dat Christus, op grond van sy betaling vir ons sondes, ons Verteenwoordiger kan wees - toelaatbaar is, dan kan daardie getuienis sonder meer by die hoofproses voorgelê word.

God het in die binneverhoor beslis dat Christus inderdaad as Borg voldoen het. Hy kan dus as Middelaar by die hoofproses optree. By die eindoordeel kan dan nie die vraag ontstaan of Christus inderdaad voldoende vir die mens se sondes betaal het nie. Die borgstelling het plaasgevind en is afgehandel. Die reg wat Christus daardeur as Verteenwoordiger en Middelaar verwerf het, is dan 'n vaste gegewe. Tydens die binneverhoor is daardie saak met beslistheid vasgestel.

Die Borg is Eienaar en Koning

Op Golgota het Christus finaal as Borg oorwin en betaal. Met die woorde "In U hande beveel Ek My gees" is die binneverhoor afgesluit en word Christus sy regmatige plek aan God se regterhand toegewys. Christus se troonbestyging vind eers met Hemelvaart plaas, maar die reg op daardie stoel het Hy as volkome mens op Golgota verdien. Christus sit as opgestane mens met sy verheerlikte liggaam aan die regterhand van God. Christus het, as Eienaar van al die skulde, die reg gekry om die wêreld te regeer soos die mens dit eintlik moes gedoen het. Hy het as die tweede Adam volkome gehoorsaamheid aan God bewys.

Christus en die regverdigmaking

By die eindoordeel sal die boeke inderdaad oopgemaak word. Die Boek van die Lewe sal by die eindgerig die name bevat van diegene wat Christus losgekoop het. Al die verkeerde en sondige dinge wat die gelowiges gedoen het, sal nie meer in oorweging kom nie. Christus het klaar betaal en het die reg verwerf om in die plek van die sondige gelowige te staan. In 'n oomblik sal die gelowige vrygespreek en toegelaat word om die nuwe hemel en die nuwe aarde te betree. Geen vagevuur of Petrus by die poort van die hemel is ter sprake nie. Die mens wat die smal pad bewandel en die nou poort, naamlik

die geloof in Christus, deurgegaan het, het reeds die ewige heerlijkheid binnegegaan. Hy sal met die siele van die gelowiges onder die altaar tot die eindtyd bewaar word of in 'n oomblik by die wederkoms van Christus verander word.

Wat 'n heerlike toekoms gaan die gelowiges dan nie tegemoet nie! Geen angs vir die eindoordeel hoef meer te bestaan nie. Dit is merkwaardig dat ons in hierdie sondige lewe reeds van die regverdigmaking mag weet en glo. Die Heilige Gees, as Plaasvervanger, oortuig ons in ons gees van ons strafwaardigheid, maar ook van die versoening deur Christus (artikel 22 NGB). Christus het sy borgstelling

volkome gedoen. Die saak is afgehandel. Hy het die reg verwerf om as Middelaar op te tree. So is dit van ewigheid, van voor die grondlegging van die wêreld, reeds bepaal. "O, Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen" (Romeine 11:33-36).

Verstaan ons dit? Nee, ons kan dit maar net kinderlik, onvoorwaardelik glo!

OP DIE KERKERF II

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Die VGL op die weegskaal

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel (VGL) is die eienaar en uitgewer van Waarheid en Dwaling. Die Vereniging het Oktober verlede jaar 'n byeenkoms belê waartydens daar diepgaande besin is oor ons denke oor God, die Skrif en die kerk.

Prof A le R du Plooy van die Teologiese Skool Potchefstroom het 'n skrywe aan die lede van die VGL gerig waarin hy die bestaansreg van 'n vereniging soos die VGL ernstig bevraagteken. By 'n vorige geleentheid, na aanleiding van die Vereniging se vergadering oor die Teologiese Skool gedurende Oktober 2001, het die dagbestuur van die Kuratorium ook al hulle beswaar teen die bestaan van die VGL as vereniging op die kerkerf uitgespreek. Die redaksie van Waarheid en Dwaling het besluit dat die saak die beste gedien gaan word deur dit in die openbaar te stel en te bespreek.

Professor du Plooy aan die woord

'Hiermee 'n vriendelike beroep op u insake die uitnodiging na 'n vergadering van die VGL:

1. Die bestaan en funksionering van 'n Vereniging (soos die VGL) in ons gereformeerde kerklike sfeer

wek nogal ernstige vrae by my op. Dit is duidelik uit u skrywe dat die VGL beplan om onder meer te fokus op gebeure in ons kerkverband en om in besonder aandag te gee aan sekere sinodebesluite.

2. Ek herinner u aan die besluit van die Sinode van 1958:288 naamlik "dat die beginsel dat op kerklike erf geen vereniging bestaansreg het nie, onverswak gehandhaaf word" (vergelyk ook Acta 1961:453-454; Acta 1964:525-526).
3. 'n Vereniging is 'n liggaam wat in eie reg bestaan en onder leiding van 'n bestuur funksioneer en wat besluite kan neem volgens prosedures ensovoorts wat die lede vasgestel het. Die agenda van die VGL (minstens hierdie een wat nou op 24 en 25 Oktober wil vergader sowel as 'n vorige een wat oor die TSP gehandel het) handel oor direk kerklike sake. Sekerlik - so lei ek af - gaan daar gesels en moontlik besluite geneem word oor gebeure in ons kerkverband en sal daar waarskynlik ook krities gekyk word na bepaalde besluite van (die) sinode(s) en na oorwegings wat 'n rol sou kon gespeel het by die neem van daardie besluite.

Die persone wat teenwoordig gaan wees, sal sekerlik ook nie verteenwoordigend van al die kerke wees wat deel gehad het aan die neem van die besluite tydens die sinodes nie.

4. Wanneer ek die woorde in Esra 9:4 lees, en sien in watter konteks dit verbind word aan die VGL, is ek daarvan oortuig dat die volgende afleiding gemaak kan word, naamlik dat die VGL pretendeer om diegene saam te bring wat hulleself getrou ag aan die Woord van God terwyl die ander wat nie daarvan lid is en/of met die VGL vereenselwig nie, dan waarskynlik diegene is wat ontrou of ongehoorsaam is aan die woord van God.
5. Is dit verkeerd om die afleiding te maak dat daar 'n sterk moontlikheid is dat daar tydens die vergadering sterk standpunte gaan wees teen die besluite van sinode 2003 oor aspekte soos die vrou in die amp van diaken en oor die psalmodigting? Dink u daar gaan - byvoorbeeld soos op 'n meerdere vergadering - 'n gebalanseerde en verteenwoordigende groep mense wees uit al die kerke om ook uit ander hoeke na die agendapunte te kyk?

6. Juis dit is een van die probleme met 'n vereniging wat hom met sake besig hou waarmee kerke tans op 'n kerklike manier besig is en besig moet wees - juis ook omdat daar geen eenstemmigheid oor genoemde sake is nie.
7. Gestel nou 'n ander vereniging kom tot stand met die dieselfde teks (Esra 9:4) en kry 'n paar sprekers oor 'n onderwerp soos: watter denke sit agter die weerstand teen bepaalde besluite van sinodes? Sou u nie saamstem nie dat dit juis die rede en ratio van die besluit van die Sinode in 1958 (vergelyk punt 2 hierbo) was waarom geoordeel is dat geen verenigings op kerklike erf bestaansreg het nie?
8. Die "vereniginge" waarmee ons behoort te werk en inderdaad mee op kerklike erf te doen het, is plaaslike kerke wat - soos in die kerkorde ooreengekom - die sake in kerklike vergaderinge op ordelike manier behandel.
9. U sou moontlik kon vra: watter bestaansreg het iets soos Teologiese Verenigings? Sulke verenigings hou hulle besig met die wetenskap van die Teologie, en mag nie op kerklike erf beweeg in die sin dat dit (soos dit byvoorbeeld in artikel 30 KO staan) kerklike sake behandel nie of hulle ten doel stel om te reflekteer op iets soos die oorsake en gevolge van kerklike besluite as sodanig nie.
10. Pretendeer die VGL om naas die GTV's nog 'n teologiese vereniging te wees, of is dit 'n vereniging wat met werklike kerklike sake op kerklike erf besig is?
11. Ek vra vriendelik dat deeglike besinning oor hierdie aspekte wat ek probeer aansny het, sal plaasvind, en dat ons veral in hierdie tye van sterk standpuntverskille versigtig en nederig sal bly en alles sal probeer doen om nie stemming teen mekaar te maak en mekaar probeer verdag maak nie.'

Tot sover professor du Plooy.

'n Stukkie geskiedenis

Die ernstige vrae wat by professor du Plooy opgewek word, is hoofsaaklik gebaseer op 'n besluit van Nasionale Sinode 1958. Ter wille van duidelikheid is dit nodig om die

betrokke sinodebesluit in oënskou te neem.

By die Nasionale Sinode 1958 het drie beswaarskrifte gedien wat op die ontbinding van die destydse AGSV (Algemene Gereformeerde Sustervereniging) en die GSV's (Gereformeerde Sustersvereniginge) betrekking het. Die drie beswaarskrifte het ingekom na aanleiding van besluite wat vorige sinodes oor die AGSV geneem het.

1949-1952

Die Sinodes van 1949 (Acta:297-298), 1952 (Acta:232-234) en 1955 (Acta:348-349) het breedvoerig gedebatteer oor die voortbestaan al dan nie van die Sustersvereniging as vereniging. Sinode 1949 het besluit dat 'die susters in die kerklike lewe saam kan optree om hulp te verleen en hulleself op te bou in hul geestelike belange onder leiding en toesig van die plaaslike kerkraad'. Met hierdie besluit is duidelik standpunt ingeneem téén die aanbeveling van 'n kommissie 'dat 'n vereniging hom op 'n bepaalde kerklike belydenisgrondslag kan stel en dan in 'n vrywillige verband met die kerk kan tree, en dan bly dit 'n maatskaplike organisasie'. Sinode 1952 bevestig die besluit van 1949. Die susters kan as 'n hulpverlenende organisasie onder toesig van die kerkraad voortbestaan, maar nie as 'n onafhanklike vereniging met statute en 'n eie bestuur nie.

1958

Die kerkraad van Durban, 'n groep van negentien susters asook 'n groep van vyf teoloë (waaronder professore en predikante) dien elkeen 'n beswaarskrif by Sinode 1958 in - soos hierbo reeds gesê is. Laasgenoemde spreek hulle kommer uit oor die konsekwensies van die besluit van Sinode 1949, soos bevestig in 1952: 'Die besluit van die Sinode lei (onbedoeld) daartoe dat ons in Roomse vaarwaters beland, asof die kerk die lewe moet oorkoepel, altans in die werksaamheid van die Gereformeerde vrou' (Acta 1958:283). Die vyftal teoloë beskryf die roeping van die Gereformeerde vrou soos volg: 'Die Gereformeerde vrou het - gegewe die Koningskap van Christus op alle lewensgebiede (onderwys, kultuur, ens.) - 'n roeping wat verder strek as die kerk as instituut, en ook hier tree sy op in ooreenstemming met haar Godgegewe aard en talent. Hier neem die vrou self die inisiatief (desverkiekend met advies van die

man) en rig vrouevereniginge op met 'n eie gesagstruktuur. Desverkiekend kan daar 'n noue band met die kerk as instituut bestaan' (Acta 1958:284).

Die kommissie wat die drie beswaarskrifte hanteer, stel onder andere dat dit nie in ooreenstemming met die belydenis en die kerkorde is dat die susters provinsiaal en Uniaal (in ons terme: Nasionaal) saamwerk en hulle eie komitees kies nie. 'Hierdeur word daar binne die Gereformeerde Kerk 'n gesagstruktuur toegelaat wat nie in ooreenstemming is met die Gereformeerde Kerkorde nie (vgl. Bouwman, I, bl. 65)' (Acta 1958:286-287).

Die sinode verklaar in aansluiting by die kommissierapport 'dat die beginsel dat op die kerklike erf geen verenigings bestaansreg het nie, onverswak gehandhaaf word' (Acta 1958:288).

1964

Die Gereformeerde Sustersorganisasie het tydens hulle konferensie in Pretoria op 2 Mei 1963 besluit dat 'daartoe oorgegaan word om die G.S.O. te organiseer as 'n selfstandige vereniging op Gereformeerde grondslag wat ooreenkomstig genoemde besluit (Sinode 1958) nie as organisasie binne die kerk maar tog graag in noue verstandhouding en verband met die kerk wil optree en graag leiding van die kerk sou wil ontvang'. By Sinode 1964 dien 'n brief, konsepstatute en 'n huishoudelike reglement van die nuutgestigte Gereformeerde Vrouevereniging. Hulle versoek die Sinode om hulle bestaan in beginsel goed te keur en die gevraagde leiding te gee (Acta 1964:526-527). In die lig van die besluit van 1958 gee die Sinode egter geen gevolg aan die versoek nie.

Troebel water

Dit is duidelik soos daglig dat die verwarring oor die bestaan al dan nie van 'n vereniging op Gereformeerde grondslag teen 1963 nog nie opgehelder is nie. Die susters wil werk. Hulle wil georganiseer werk. Hulle wil binne sowel as buite die kerk werk. Hulle verstaan die besluit van 1958 só dat daar binne die kerk geen vereniging mag bestaan nie, maar buite die kerk wel. Niks keer hulle om as Gereformeerde vrouens in 'n vereniging saam te staan en diens te lewer ten opsigte van onderwys, maatskaplike sake en dies meer nie. As vereniging wil hulle selfs

betrokke wees en bly by die sending en ander kerklike take. Duidelik verstaan Sinode 1964 die besluit van 1958 anders. Hulle wil nie die bestaan van die nuutgestigte vereniging goedkeur nie – ongeag of dit binne of buite die kerklike instituut funksioneer. As die vrouens georganiseerd wil werk, moet hulle dit onder direkte toesig van die kerkaad doen. Geen sustersvereniging; wel 'n sustersorganisasie onder leiding van die kerkraad. Punt.

'n Draai by Bouwman

Die bedoeling met hierdie artikel is nie om beswaar teen 'n bestaande sinodebesluit aan te teken nie. Daarvoor behoort die kerklike weg van gravamen (artikel 46 KO) gevolg te word. Tog is dit niks minder as eerlik nie om vir 'n oomblik te luister wat die Nederlandse kerkregtelike, dr H Bouwman, oor die bestaan van verenigings skryf.

Die kommissie wat Sinode 1958 oor die bestaansreg van verenigings moes adviseer, laat dit voorkom asof dr Bouwman hom sterk teen verenigings in die kerk uitgespreek het, asof daar sodoende gesagstrukture geskep word wat die amptelike werk van die kerkraad sou kon ondermyn. Die Sinode gaan in sy besluit nog 'n tree verder as die kommissie-aanbeveling. Hulle verklaar dit 'n beginsel dat verenigings op die kerklike erf geen bestaansreg het nie. Wat meer is: dit is 'n beginsel wat lankal erken word, want dit moet onverswak gehandhaaf word.

Wat skryf dr Bouwman inderwaarheid? Wat is die feite? In 'n hoofstuk oor die organisasie van die kerk beklemtoon hy dat die kerkvorm geen liefhebberij is wat afhang van die willekeur van die lidmate nie. Lidmate 'sluiten zich niet aaneen evenals de leden eener vereniging, die samenkomen tot een bepaald doel'. Christus is die Hoof van sy kerk. Hy bepaal hoe die kerk ingerig en regeer moet word.

Dit skryf dr Bouwman. Hy spreek hom glad nie uit oor die bestaan of nie-bestaan van 'n vereniging in die kerk nie. Hy tref 'n vergelyking om 'n punt duidelik te maak. Die kerk is nie soos 'n vereniging wat self besluit hoe sake gereël moet word nie. Daaroor bestaan nie die minste twyfel nie.

Maar watter afleiding maak die kommissie van Sinode 1958? Hulle stel dit voor asof dr Bouwman hom teen 'n vereniging in die kerk

uitspreek, as sou dit teen die belydenis en die kerkorde wees. Dit het dr Bouwman nie geskryf nie.

En die Sinode van 1958? Hulle verhef die verkeerde afleiding van die kommissie tot 'n beginsel wat kwansuis al lankal bestaan. Gevolg? Die bloeiende en uiters betekenisvolle verenigingslewe in die kerke word nek omgedraai. Die bediening van die amp van gelowige word lamgelê. Dit is nie vreemd dat die beswaarskrifte ingestroom het nie.

Wat van die JV's?

Die sustersvereniging was nie die enigste goed georganiseerde ruimte waarin lidmate hulle geloof prakties kon uitleef nie. Ook die jeug was georganiseerd in Jeugverenigings, wat in 'n sentrale Bond van JV's gevoeg is en van tyd tot tyd in kongresse saamgekom het. Die JV's het oor baie jare kosbare werk verrig. Buiten Bybelstudie is daar op 'n gesonde basis sosiaal saam verkeer en saam gewerk. Talle jongmense het mekaar by die JV beter leer ken. 'JV-huwelike' is gesluit. Talle jongmense het in die JV die nodige geestelike onderbou gekry vir die diens in die besondere amp. Jong vroue is toegerus om hulle plek in die kerk vol te staan.

Sinode 1985 (Acta:486-520) het besluit dat daar opnuut ondersoek gedoen moet word na die voortbestaan van die JV. Sinode 1988 (Acta:802) meen dat die behoefte aan 'n JV as 'n aparte vereniging behoort te verdwyn sodra kerkrade hulle plig teenoor die jeug nakom. Sinode 1991 (Acta:458) neem kennis van 'n brief wat deur die deputate jeugsorg aan alle kerkrade gerig is waarin gestel word dat 'die Sinode die oorgang van die JV-bedeling na kerklike jeugsorg as 'n geleidelike oorgang sien en dat dit eerder moet geskied langs die weg van die aktivering van kerklike jeugsorg, as dat dit 'n doelgerigte teenkanting teen die JV moet wees'.

Let wel: geen doelgerigte teenkanting teen die JV nie! Hoe rym dit met die besluit van 1958? Die troebel water van 1958 en die jare daarna het in 1991 klaarblyklik steeds nie helder geword nie.

En nou die VGL

Met bogenoemde as agtergrond kan daar gebalanseerd op die elf punte van professor du Plooy se skrywe gereageer word.

1. Dit is inderdaad so dat die VGL onder meer fokus op gebeure in ons kerkverband en in besonder aandag aan sekere sinodebesluite gee. Dit moet volledigheidshalwe gestel word dat die VGL nie net op kerklike sake fokus nie. In die naam van die vereniging lê die doel opgesluit: bevordering van gereformeerde-wees op alle terreine van die samelewing. In Waarheid en Dwaling word dié doel by wyse van die skryf van opbouende artikels oor alle lewensterreine nagestreef.
 2. Die besluit van die Sinode van 1958 – ongeag of dit 'n geldige of 'n ongeldige besluit is – het geen betrekking op die VGL nie. Die VGL is nie 'n kerklike vereniging in dié sin dat dit as organisasie onder toesig van 'n bepaalde kerkraad staan nie. Die lede van die VGL staan, wat hulle kerklike lidmaatskap betref, elkeen onder toesig van 'n kerkraad.
 3. Dit is so dat die VGL hom, behalwe op talle ander aangeleenthede soos mediese en reg-sake, op kerklike sake toespits. Daarmee behoort nie fout gevind te word nie. Intendeel, hoe meer daar oor kerklike sake besin kan word, hoe beter. Die kerke kan hulle nie met ander dinge besig hou as kerklike sake nie (Artikel 30 KO). Maar Artikel 30 impliseer nie die teenoorgestelde, asof alleen die kerke hulle met kerklike sake mag bemoei nie. Ook 'n vereniging soos die VGL en GTV het die volste reg en plig om oor die kerk en kerklike sake te besin. Uiteraard met inagneming van die wyse waarop God in Christus oor die lewe – insluitend die kerk – regeer. Daaroor 'n enkele gedagte onder punt 6.
- Die opmerking oor die persone wat by die vergadering van die VGL teenwoordig gaan wees tref 'n seer snaar. Prof du Plooy aanvaar dat hulle wat die byeenkoms van die VGL op 24 en 25 Oktober 2003 sou bywoon 'sekerlik ook nie verteenwoordigend van al die kerke sal wees wat deel gehad het aan die neem van die besluite tydens die sinodes nie'. Hoekom so 'n aanname? Die vergadering is wyd en syd bekend gemaak. Alma is genooi om dit by te woon. Met dank kan gesê word dat daar ook mense was wat oor

sekere sake verskillend gedink het. Prof du Plooy se aanname was ongegrond.

4. Die woorde van Esra 9:4 ('En by my het byeengekom almal wat gebef het vir die woorde van die God van Israel') word nie in die eerste plek aan die VGL verbind nie, maar is wel as onderskrif vir die spesifieke byeenkoms van die VGL gebruik. Weereens maak prof du Plooy 'n afleiding, 'naamlik dat die VGL pretendeer om diegene saam te bring wat hulleself getrou ag aan die Woord van God terwyl die ander wat nie daarvan lid is en/of met die VGL vereenselwig nie, dan waarskynlik diegene is wat ontrou of ongehoorsaam is aan die woord van God'. In die afleiding word skerp lyne getrek wat die VGL nie trek nie. Tydens die byeenkoms is daar gepleit vir eenheid in die kerk van Jesus Christus. Eenheid op grond van waarheid. Sonder waarheid is daar geen eenheid in Christus nie. Die VGL pretendeer niks anders as om in gehoorsaamheid aan God die waarheid te soek en te dien nie.
5. Inderdaad is daar sterk standpunt ingeneem ten opsigte van die besluite van sinode 2003 oor aspekte soos die vrou in die amp van diaken en oor die psalmomdigting. Die standpunte is op grond van Gods Woord ingeneem, nie op grond van 'n gebalanseerde en verteenwoordigende groep mense uit al die kerke om ook uit ander hoeke na die agendapunte te kyk' nie.
6. Dit is geensins die bedoeling van die VGL om sake waarmee kerke tans op 'n kerklike manier besig is en besig moet wees op 'n onkerklike wyse te hanteer nie. Die kerklike weg moet ten alle tye in gehoorsaamheid aan God bewandel word. Die VGL besin onder andere oor die wyse waarop daardie weg verder bewandel moet word. Dit is 'n kosbare en onmisbare stuk besinning. Gelowiges wat erns met die Here en sy wil maak moet alles in hulle vermoë doen om saam te oorweeg hoe ons ons roeping in God se kerk en koninkryk moet uitleef.
7. Dit sal wonderlik wees as 'n ander vereniging tot stand kom met die dieselfde teks (Esra 9:4) en 'n paar sprekers kry oor 'n onderwerp

soos: watter denke sit agter die weerstand teen bepaalde besluite van sinodes? Die hoop word uitgespreek dat sodanige vereniging ook 'n oop uitnodiging aan alle Gereformeerde lidmate rig, sodat almal daar kan wees – lede van die VGL ingesluit.

Wat betref die 'rede en ratio van die besluit van die Sinode in 1958' asof verenigings in die kerke spanning veroorsaak: dit is hierbo aangetoon dat sodanige 'rede en ratio' hoegenaamd nie in 1958 ter sprake was nie.

8. Dit is jammer dat daar spanning tussen 'n vereniging en die kerk gesien word. Dit is ongetwyfeld so dat die plaaslike kerke kerklike sake in kerklike vergaderings op 'n ordelike manier moet behandel. Daarmee word die bestaansreg van 'n vereniging (soos die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel) of aksie (soos Aksie Reformatoriese Skoolonderrig) of bond (soos die Moedersbond en die Afrikanerbond) of unie (soos die Mynwerkersunie) nog nie opgehef nie. Die waarskuwing van die vyf teoloë in 1958 moet ter harte geneem word: 'Die besluit van die Sinode lei (onbedoeld) daartoe dat ons in Roomse waarwaters beland, asof die kerk die lewe moet oorkoepel'. Die VGL wil en sal nie die werk van die kerkrade en kerklike vergaderings oorneem of dwarsboom nie. Die VGL bied 'n bepaalde ruimte om op alle lewensterreine – insluitende die kerk – die amp van gelowige aktief uit te leef.
9. Daar is 'n sekere ooreenkoms tussen die VGL en 'n Teologiese Vereniging. Waar teologiese verenigings hulle besig hou met die wetenskap van die teologie, hou die VGL hom besig met meer as teologie. Die grondslag is egter vas: Gods Woord, soos uitgedruk in die gereformeerde belydenis.
10. Die VGL pretendeer nie 'om naas die GTV's nog 'n teologiese vereniging te wees nie'. Dit is ook nie 'n vereniging wat 'met werklike kerklike sake op kerklike erf besig is nie'. Die kerklike sake wat wel deur die VGL onder die loep geneem word, dwing lidmate altyd terug na hulle onderskeie kerke, waar hulle die kerklike weg moet bewandel.

11. Die vraag van professor du Plooy 'dat deeglike besinning oor hierdie aspekte wat ek probeer aansny het, sal plaasvind, en dat ons veral in hierdie tye van sterk standpuntverskille versigtig en nederig sal bly en alles sal probeer doen om nie stemming teen mekaar te maak en mekaar probeer verdag maak nie' is belangrik. Dit is 'n vraag wat elke persoon hom/haar moet afvra. Die VGL probeer in gehoorsaamheid aan God niks anders as om versigtig en nederig te bly nie. Indien die bestuur of lede van die VGL in hierdie opsig sou struikel en val, moet dit uitgewys en aangespreek word. Indien daar in sonde volhard word, moet lede van die VGL by hulle kerkrade aangekla word van opstand teen God en sy gebod. Dan moet daar indringende en opregte bekering plaasvind. Daarteenoor moet gestel word dat die VGL ook nie verdag gemaak word nie: nie deur afleidings te maak wat ongetoets en ongegrond is nie, ook nie deur pretensies aan die vereniging toe te dig wat die vereniging self nie het nie.

Geweeg, en ...?

'n Poging is aangewend om die elf punte van professor du Plooy te bespreek. Hy spreek ernstige kommer oor die bestaansreg van die VGL uit. Die kommer is geweeg. En – ongegrond bevind. Dat daar opnuut na die besluit van Sinode 1958 oor die bestaansreg van verenigings op die kerklike erf gekyk moet word, staan vas. Dat die besluit van 1958 geen betrekking op 'n nie-kerklike vereniging soos die VGL het nie, staan eweneens vas.

Die wens en bede word uitgespreek dat die VGL, soos vele ander aksies en organisasies op gereformeerde grondslag, mag groei en bloei tot eer van God en tot opbouende aktiwiteit in sy koninkryk.

TWEE, MAAR TOG EEN?

In Die Kerkblad van Desember 2003 lewer professor JH van Wyk kommentaar oor twee byeenkomste wat hy gedurende Oktober bygewoon het. Beide byeenkomste het betrekking gehad op die nuwe Psalmboek.

Professor van Wyk skryf onder die titel 'Een psalmboek, twee reaksies':

Gedurende die naweek van 25 en 26 Oktober is landwyd verskeie byeenkomste gehou waartydens die nuwe Psalmboek feestelik en dankseggend in gebruik geneem is. Die sentrale fees het in die stadsaal van Pretoria op Sondag 26 Oktober plaasgevind, 'n geleentheid wat ekself bygewoon het. By hierdie geleentheid is die Here geloof en gedank, in gebed en lied, vir die nuwe Psalmboek wat vir gebruik in die gemeentes deur die Sinode aanbeveel is. Om letterlik aan te haal: "Dat die 1936-beryming saam met die 2001-omdigting in een bundel uitgegee word en vir gebruik in die eredienste aanbeveel word, onderhewig aan die besluite van elke plaaslike kerkraad" (Handelinge 2003:642).

Dieselfde naweek het daar ook die Vrydagaand en die Saterdagoggend van 24 en 25 Oktober 'n byeenkoms plaasgevind in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, Pretoria, gereël deur die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel, in die gees van Esra 9:4.

Ek het die Saterdagoggend-geleentheid bygewoon en is hoogs waarskynlik die enigste persoon wat by beide byeenkomste teenwoordig was. Tydens hierdie byeenkoms is die nuwe omdigtings in die sterkste denkbare taal bevestig en afgekeur.

Dit beteken dat ons tans by die grootste meningsverskil van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in sy 144-jarige bestaan uitgekom het. Die meningsverskil is onweerlegbaar, maar ons bede is dat die Here ons van 'n skeuring sal bewaar.

Na aanleiding van die 'grootste meningsverskil' in die bestaan van die Gereformeerde Kerke vra professor van Wyk:

Hoe nou vorentoe?

Die Kerkblad sien dit nie as sy taak om

die polarisasie tussen kerke verder aan te help nie, maar om sover moontlik saaklik en versoenend te skryf, met die doel om die eenheid te probeer bewaar en versterk. Volgens ons oordeel is die volgende sake nou belangrik:

- Eerstens moet alle lidmate alle sake waarvoor daar tans meningsverskil bestaan, 'n saak van gebed maak...
- Wat tweedens nodig is, is 'n deurtastende ondersoek deur elke lidmaat van alle sake waarvoor daar meningsverskil bestaan...
- Dit is duidelik dat – derdens – hierdie verskilpunte ook op kerkvergaderings ter sprake sal kom, en ook van hulle sal verwag word om sorgvuldig na alle argumente te luister, dit in die lig van die Skrif te weeg en só alles moontlik te probeer doen om mekaar as broers in die Here vas te hou. Indien 'n skeiding van die weë dan moet plaasvind, moet met groot vrymoedigheid en beslistheid gesê kan word: Dáár is die valse kerk (NGB art. 28)!
- Die vierde aspek is geduld. Ons sal moet aanleer om in die maande wat voorlê, eindelose geduld met mekaar te beoefen: predikante met lidmate, lidmate met predikante, lidmate met lidmate, gemeentes met gemeentes, kerkrade met kerkrade, klassisse met klassisse. Biddend en worstelend moet ons die gesprek probeer ophou en mekaar in die Here probeer vashou.

Ten slotte maak professor van Wyk 'n opmerking oor Skrifverklaring en Skrifkritiek:

Dit is juis een van die sterk punte in die Gereformeerde tradisie, naamlik om so getrou moontlik die Skrif na te spreek. Tegelykertyd is dit ook een van die probleem-punte, omdat juis Gereformeerdes daartoe geneig is om, indien hulle van iemand se Skrifverklaring verskil, daardie persoon baie gou van Skrifkritiek te verdink. En dit is so ongeveer die ergste ding wat van 'n Gereformeerde teoloog of lidmaat gesê kan word, dat hy/sy Skrifkrities is.

Ons moet die verleiding weerstaan om in elke geval van meningsverskil in Skrifverklaring die gevolgtrekking te maak dat iemand Skrifkrities is. Aan

die ander kant moet ons ook nie oorgevoelig wees – en oorreegeer – indien iemand anders bepaalde gevare in ons Skrifverklaring aantoon of dit bevestigteken nie.

Die gees waarin professor van Wyk sy artikel geskryf het, word opreg waardeur. Die byeenkoms van die VGL waarna hy verwys, is uit talle oorde skepties, krities en in onkunde afgemaak as 'n byeenkoms van 'n klomp dwarstrekke wat nie met die verandering wil saamgaan nie. Net so is die ernstige kritiek wat teen die nuwe Psalmboek uitgespreek is, al by verskeie geleenthede as kleinlike foutvindery en menslike beteweterigheid veroordeel – sonder dat die kritiek behoorlik geweeg is. Professor van Wyk neem die saak van die VGL en die kritiek teen die nuwe Psalmboek ten minste ernstig op. Dit maak sy viervoudige oproep – te wete gebed, deurtastende studie, sorgvuldige luister en geduld – geloofwaardig. Die kommer wat hy oor polarisasie en dreigende kerkskeuring uitspreek, is 'n kommer wat elke opregte gelowige seer seker met hom deel.

Wat is egter die remedie? Professor van Wyk sien dit as sy taak om, as redakteur van Die Kerkblad, sover moontlik saaklik en versoenend te skryf, met die doel om die eenheid te probeer bewaar en versterk. Versoening is die remedie. Ook daarop sal elke gelowige van harte ja en amen sê.

Maar nou kom die kritiese vraag: wat is versoening, en hoe word dit bewerk? Versoening kan alleen in Christus bestaan. Christus leer ons duidelik hoe versoening plaasvind. Die waarheid moet onvoorwaardelik gedien word. Vir daardie waarheid, naamlik die eer van God, het Hy sy lewe as versoeningsoffer afgeleë.

Indien dit so is dat twee gelowiges van mekaar verskil omdat die een sê: die Psalms is tot so 'n mate omdig dat dit nie meer sê wat die Skrif sê nie, daarom kan en mag ek dit nie sing nie; terwyl ander meen dat – solank jy in jou hart 'n gelowige is – jy die omdigting kan sing, al is dit nie so Skrifgetrou nie, hoe gaan hierdie twee gelowiges met mekaar versoen raak? Biddend? Ja. Langs die weg van deurtastende ondersoek van die saak

waaroor verskil bestaan? Ongetwyfeld. Deur sorgvuldig na mekaar se argumente te luister? Dit is onmisbaar. Geduldig? Ja, dit ook. Maar daarmee is alles nog nie gesê nie. Trouens, dit is alles dinge wat reeds plaasgevind het en steeds plaasvind.

Die nood is: daar kom klaarblyklik geen vordering in die debat nie, intendeel. Professor van Wyk besef dit, en hy sê dit. Die feit dat hy praat van die grootste meningsverskil in die bestaan van die GKSA, is 'n noodroep. Wat is die oorsaak van die nie-vordering? Word daar nie genoeg

gebid nie? Gebrek aan diepgaande studie? Te min geduld? Dit mag dalk alles in mindere of meerdere mate ter spake wees. Myns insiens lê die diepste oorsaak elders.

Profosser van Wyk waarsku dat daar nie te gou van Skrifkritiek gepraat moet word as daar 'n meningsverskil in Skrifverklaring is nie. Sy waarskuwing is tereg. Maar hoe raak dit die debat oor die nuwe Psalmomdigting? Die skerp punt van die debat gaan nie oor Skrifverklaring nie. Dit gaan oor Skrifhantering. Die wyse waarop die Psalms in die Ou Testament beskou en in verband met

die Nuwe Testament gelees (en gesing) word, is ter sprake. Die oomblik as Skrifbeskouing en Skrifhantering ter sprake kom, kan 'n mens nie anders as om op jou pasoppens vir Skrifkritiek te wees nie. Skrifkritiek beteken: die inspirasie, eenheid, gesag en volkomenheid van die Skrifte word bevraagteken. Dit is presies waaroor die debat gaan, en waaroor die diepgaande kommer bestaan. As daar geen gelowige, Godvresende eensgesindheid kom oor die basiese hermeneutiese vertrekpunte van Skrifgesag, Skrifhantering en Skrifbeskouing nie, sal versoening nooit plaasvind nie.

HOOR VIR FLOOR

Emeritus-professor L Floor het hom sterk oor bogenoemde hermeneutiese kwessie uitgespreek. In dieselfde Kerkblad van Desember 2003 het die redakteur met professor Floor 'n onderhoud gevoer.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:
Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.absa.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:
Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 335 9134
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Pretoria, Waverley

Intekengeld:
R110 per jaar

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316, Gezina, 0031
e-pos: printbur@mweb.co.za

Vraag van die redakteur:

Wêreldwyd bestaan daar spannings en meningsverskille in Gereformeerde kerke. Mens verneem ook van spannings in die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland. H Bavinck het iewers opgemerk dat daar in die Protestantse beginsel sowel middelpuntsoekende as middelpuntvlietende kragte skuil. Hoe oordeel jy oor "spanning in die kerk"?

Antwoord van professor Floor:

Dit is nogal opmerklik dat die spanning en meningsverskille in die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland ooreenkoms vertoon met die huidige spanning in die GKSA. Ook in Nederland het die spanning amper breekpunt bereik toe die Algemene Sinode sy standpunt moes bepaal oor die vrou in die amp. Ek was by die betrokke Sinode as afgevaardigde van die GKSA aanwesig. Prof. Herman Ridderbos het jare gelede dié stelling gemaak: "Jy kan alleen die amp oopstel vir die vrou as jy van 'n ander hermeneutiese model gebruik maak as wat altyd in gereformeerde kringe gegeld het." As jy die studiestuk 'Vrouw en ambt' van daardie Sinode lees, dan sien jy hoe waar die opmerking van Ridderbos is.

Daar is die kruis van die saak: Jy kan alleen die amp oopstel vir die vrou as jy van 'n ander hermeneutiese model gebruik maak as wat altyd in gereformeerde kringe gegeld het. Dieselfde geld vir die nuwe omdigting. Jy kan alleen die nuwe Psalmboek goedkeur as jy van 'n ander hermeneutiese model gebruik maak as wat altyd in gereformeerde

kringe gegeld het. Wie die verbond en die Verbondsmiddelaar na waarde ag – ook in die psalmboek – kan nie anders as om die nuwe omdigting te weeg en te lig bevind nie.

'n Laaste gedagte van professor Floor se kant:

Ek wil graag iets sê oor die toekoms van die kerk. Ek glo die Here hou sy kerk in stand. Maar baie vra: "Sal die GKSA nog Gereformeerd bly?" Die antwoord bring ons by die Reformasie. Ons weet die Reformasie is uit eksegeese gebore. Heel aan die begin staan Luther se voorlesings oor die Psalms en die brief aan die Romeine, en Calvyn se Institusie. Daaragter staan soos 'n groot monument die kommentare van Calvyn. Om Gereformeerd te wees en te bly, is eksegeese daarom vir die kerk van vandag die allerbelangrikste.

Dit maak die vraag aktueel: Watter hermeneutiese model gaan ons gebruik? Vir my is dit die openbaringshistoriese model. By ander modelle is daar die versoeking en die gevaar dat ons buite-Bybelse gegewens van maatskaplike, sosiale, kulturele of politieke aard laat heers oor die Bybelteks. Dat hierdie gegewens 'n dienende funksie het, sal niemand betwyfel nie. Maar wanneer hulle oor die teks gaan heers, is ons nie meer op die reformatoriese pad nie. My wens is dat ons met mekaar indringend gaan besin oor hoe ons die Bybel wil verklaar.

Aan hierdie antwoord hoef niks toegevoeg te word nie.